GEDIG VOORDRAG KOMPETISIE.

2024

NUKLEUS KULTUUR

GRAAD 6 GEDIGTE:

EK IS SPYT

Glo my, agterna
was ek regtig baie spyt
oor die reusebak Rice Krispies
en die appel vir ontbyt.
Spyt oor al die tjips
wat ek in die kar geëet het.
(My ma sê: “Maar jy móés mos van beter
geweet het!”)
Ek is regtig spyt die pretpark
het lekkergoed verkoop –
spookasem en wafels
wat drup van die gouestroop,
‘n pannekoek, ‘n burger,
‘n stuk gebraaide wors,
en ‘n glasie koue koeldrank –
want teen dié tyd was ek dors.
Voor die rofste rit, die Mamba,
was ‘n ellelange ry,
en terwyl ons staan en wag het,
het ek roomys ook gekry.
Die einde was wel náár,
maar ek het my les geleer.
Ek was regtig baie spyt
en volgende keer
sal ek nie so baie eet
voor ek op die Mamba ry nie.
(Ek was spyt, maar nie so spyt
soos die tannie reg voor my nie.)

Jaco Jacobs

MUSKIETJAG

Jou vabond, wag, ek sal jou kry,
van jou sal net ‘n bloedkol bly
hier op my kamermure.
Deur jou vervloekte gonsery,
deur jou gebyt en plaery
kon ek nie slaap vir ure.

Mag ek my voorstel, eer ons skei,
eer jy die doodslag van my kry –
my naam is Van der Merwe,
Muskiet, wees maar nie treurig nie,
wees ook nie so kieskeurig nie,
jy moet tog ééndag sterwe.

Verwekker van malaria,
sing maar jou laaste aria –
nog een minuut vir grasie.
Al soebat jy nou nog vir só lang,
al sê jy ook: ek is nie bang,
nooit sien jy weer jou nasie...

Hoe sedig is hy, o, die ding!
Sy kinders kan maar kranse bring,
nóu gaan die verbond sterwe...
Pardoef! Dis mis! Daar gaan hy weer!
Maar dóód sal hy, sowaar, ek sweer-
My naam is Van der Merwe!

A.D. Keet

HUSSE MET SKAAPORE

Daar is goeters wat mens nie kan raai
wat hulle is, hoe hard mens probeer,
byvoorbeeld soos husse, gesluit in ‘n laai,
“Moenie oopmaak nie, husse byt seer!”

En vra jy: “Verklaar wat is husse dan tog!”
dan sê hul: “Klein wysneus, nou ja...
Dis husse met skaapore. Wat is daar nog
vir nuuskierige agies te vra?”

Lyk husse nou net soos die oor van ‘n skaap?
O, kon ons maar sien hoe dit lyk,
dan hoef ons mos nie so verslae te gaap;
maar ons mag glad nie eens kyk.

Die husse! Ja, dis glo ‘n wonderlike ding,
jy voel half nuuskierig, half bang.
Hul sê husse is dié kan alte danig goed spring,
om sommer jou vingers te vang.

Nee, die beste plan is: bly weg van die kas
en laat husse met skaapore staan;
want netnou vang husse jou vingers dalk vas.
Waar kry jy weer ander vandaan?

‘n Grootmens! O, dié is ‘n ware terggees,
gelukkig met liefde daarby.
‘n Mens moet mos leer nie nuuskierig te wees,
mens word dus met husse kasty.

uit Wieliewalie